WILLENUUS

WILLEBEER AFRIGTING

OKTOBER 2016

Neem Kennis

Hulp word ingeroep

NEEM KENNIS

Geagte ouers en Beertjie-Familie. Hierdie is ‘n baie vinnige nuusbrief – eintlik meer soos ‘n kennisgewing. Ek skryf om ‘n verduideliking te gee van die finansiële skuiwe wat plaasvind. Dit is nie ‘n volledige nuusbrief met baie inligting in oor die klub nie.

Klomp van julle vra my kort-kort oor julle rekeninge. Ek weet van my kant af was dinge traag en ek vra omverskoning. Die fout is nie aan julle kant nie. Hier volg ‘n verduideliking.

HULP WORD INGEROEP

Oktober 2014 het Gaby haar hulp aangebied toe sy agterkom dat ek begin sukkel met die toenemde rekeninge. Ek was baie dankbaar want ek het nie boekhou op skool gehad nie en is heeltemal te veel OCD om dit te doen en het baie lank geneem. Rekeninge het soms gesloer ten koste van myself.

Ek het vir Gaby oorhandig toe daar net meer as twintig kinders was. ‘n Jaar later staan ons verby vyftig wat ingeskakel het by Willebeer Atletiek, ons is ‘n geregistreerde Klub en daar is ook twee assistent afrigters wat op konsultasie basis werk en klubfooie wat betaal moet word. Dit is nie sommer meer net ‘n stokperdjie nie. Julle het dit moontlik gemaak en ek is dankbaar daarvoor.

Dit gesê, moes ek hulp inroep, want dit het te oorweldigend geword en onregverdig teenoor Gaby om te verwag om dit te hanteer. Willebeer Atletiek het nou ‘n boekhouer.

Baie welkom aan Diana Roux by die Beertjie familie.

Julle rekeninge sal spoedig hanteer word. As julle enige navrae het daaroor, rig dit aan finansies@willebeer.co.za of persoonlik aan my by willem@willebeer.co.za. Dankie vir julle geduld tot dusver. Gebruik in die toekoms asseblief die bostaande eposse asook die nuwe kliëntkode wat julle met julle rekinge sal ontvang.

Groete, Coach Willebeer